POLICY 028/2015 RAADSBELEID

ONDERWERP: INTERNE BEVORDERINGSBELEID VIR VERKEERSBEAMPTES Gr 3 - 1 EN VERKEERSOPSIGTERS

VERWYSING: 14.1.2.3

BESLUIT NR: 21/06/2015 DATUM: 30 June 2015

BELEIDSOOGMERK: Om bevordering binne die Munisipale verkeersdissipline op 'n ordelike wyse te laat geskied.

BELEIDSFILOSOFIE
Om deur middel van toepasslike en gemotiveerde gekwalifiseerde Verkeersbeamptes/Verkeersopsigters 'n beter diens aan die breë /Khara Hais gemeenskap en besoekers te lewer.

RIGLYNE
Bevordering van Verkeersbeamptes na 'n volgende vlak, sal geskied in lyn met die premêre vereistes soos uitgewys.

1. Ten einde aanstelling as Verkeersopsigter te verkry, moet 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen

POSBENAMING	POSVLAK	KWALIFIKASIE VEREISTES	ERVARING VEREISTES
Verkeersopsigter	11	Graad 12, Vredesbeampte akkreditasie, Kode B bestuurderslisensie en ‘n skoon SAP 69 Rekord	Geen

2. Ten einde aanstelling as Leerling Verkeersbeampte te verkry, moet 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen:

POSBENAMING	POSVLAK	KWALIFIKASIE VEREISTES	ERVARING VEREISTES
Leerling Verkeersbeampte	11	Soos per kollege toelatings-kriteria 08 September 2010 (aangeheg)	Geen

3. Ten einde aangestel te word as 'n Verkeersbeampte Graad III, moet 'n persoon aan die volgende vereiste voldoen:

POSBENAMING	POSVLAK	KWALIFIKASIE VEREISTES	ERVARING VEREISTES
Verkeersbeampte GR III	10	Gr 12 + Kode B bestuurders-lisensie en Basiese Verkeers-opleidingsdiploma	Geen diensjare

Die beampte wat in die bogenoemde posbenaming aangestel word moet 'n 5 jaar kontrak teken met die Raad, dat indien sodanige beampte sy/haar dienste binne 5 jaar beeindig, hy/sy 50% van sy opleidingskoste aan die Raad sal terug betaal.

4. Ten einde bevorder te word na 'n Verkeersbeampte Graad II moet 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen:

POSBENAMING	POSVLAK	KWALIFIKASIE VEREISTES	ERVARING VEREISTES
Verkeersbeampte Gr II	9	ITO 1 sal dien as aanbeveling Gr 12 + Kode B Bestuurderslisensie, Verkeersdiploma	3 Jaar diens

5. Ten einde na 'n Verkeersbeampte Graad I bevorder te word, moet 'n persoon aan die volgende vereistes voldoen:

POSBENAMING	POSVLAK	KWALIFIKASIE VEREISTES	ERVARING VEREISTES
Senior Verkeersbeampte Gr I	8	ITO 2 sal as aanbeveling dien, Bestuurderslisensie en Basiese Verkeersdiploma	5 Jaar diens

6. Ten einde vir ‘n Verkeersbeampte om in aanmerking te kom vir die bywoning van die kursus van K53 Toetsbeampte vir Leerling en Bestuurderslisensies moet hy/sy aan die volgende vereistes voldoen:

POSBENAMING	POSVLAK	KWALIFIKASIE VEREISTES	ERVARING VEREISTES
Verkeersbeampte/K53	9	Gr 12 + Verkeersdiploma en Kode EC + A Lisensie (of toepaslik, bv, beampte met ooggestremdheid)	3 Jaar diens

7. Ten einde vir 'n Verkeersbeampte om in aanmerking te kom vir die bywoning van die kursus vir Ondersoeker van Voertuie moet die persoon aan die volgende vereistes voldoen:

POSBENAMING	POSVLAK	KWALIFIKASIE VEREISTES	ERVARING VEREISTES
Verkeersbeampte/ Ondersoeker van voertuie	9	Gr 12 + Verkeersdiploma en Kode EC + A Lisensie (of toepaslik bv beampte met ooggestremdheid)	3 Jaar diens

8. Geen bevordering mag plaasvind indien 'n betrokke beampte nie aan die bepalings van die Beleid voldoen nie.

9. Alle bevorderings is onderhewig aan die goedkeuring van die Raad en vind nie outomaties plaas nie.

PROSEDURES

1. Indien 'n verkeersopsigter onder die ouderdom van 33 jaar bevredigend presteer kan hy/sy in aanmerking kom as 'n Leerling Verkeersbeampte vir verdere opleiding.

2. 'n Verkeersbeampte wat kwalifiseer vir bevordering, moet skriftelik aansoek doen om die K53 Toetsbeampte vir Leerling en Bestuurderslisensies of Ondersoeker van Voertuie kursus by 'n geakkreteerde opleidingskollege by te woon.

3. Die Bestuurder Verkeersdienste, in oorleg met die Senior Bestuurder Gemeenskapdienste, moet jaarliks begroot ten einde die akkurate toepassing van die Beleid te verseker.

4. Die Bestuurder Verkeersdienste sal, indien nodig, 'n voorlegging insake bevordering aan die Senior Bestuurder Gemeenskapdienste voorlê.

5. Die Senior Bestuurder Gemeenskapdienste sal op sy beurt die aangeleentheid aan die Direkteur Gemeenskapdienste voorlê vir bespreking en na Direksie verwys.

6. Die voorlegging insake bevordering sal 'n omvattende verslag wees wat ook die finansiële implikasies vir die Raad voorlê.

7. Na voorlegging aan die Direksie, sal 'n item aan die Raad voorgelê moet word vir finale goedkeuring van die bevordering.

ROLLE
1. Die Munisipale Bestuurder of sy gedelegeerde.
2. Senior Bestuurder Gemeenskapsdienste.
3. Senior Bestuurder Menslike Hulpbronne.
4. Bestuurder Verkeersdienste.
5. Senior Personeelbeampte (werwing en keuring).
6. Erkende Vakbonde.
7. Die Raad.

VERWANTE BELEID
1. Aanstellingbeleid .
2. Vaardigheidsontwikkelingsbeleid.
3. Advertensiebeleid.
4. Employment Equity Plan.
5. Kollege toelatingkriteria.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.